**<u>Aanddiens</u>:** 11 Januarie 2026

**<u>Leraar</u>**: Johann Herbst

**<u>Tema:</u>** Maak Jouself Gereed: Opwaarts, Inwaarts, Uitwaarts

**Romeine 12:1-2**

**(1) Opwaarts, (2) Inwaarts, (3) Uitwaarts**

1. 1Broers, op grond van die barmhartigheid van God roep ek julle dus nou op om julle liggame beskikbaar te stel as 'n offer wat lewend en heilig is, en vir God aanneemlik. Dit is julle sinvolle godsdiens.
2. 2Julle moenie aan hierdie wêreld gelykvormig wees nie, maar verander word deur die vernuwing van julle denke,
3. sodat julle goed kan onderskei wat die goeie en aanneemlike en volmaakte wil van God is.

**Markus 12:30-31**

1. 30Jy moet die Here jou God liefhê
2. met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en met al jou krag'.
3. 31Die tweede is dit, 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.' Geen ander gebod is belangriker as dié nie."

# Opwaarts

**Aanbidding is om God doelbewus te erken, te eer en jou hele lewe aan Hom toe te wy as reaksie op wie Hy is en wat Hy gedoen het.**

Daarom is dit belangrik vir jou om te weet wie Hy is en wat Sy natuur is. God (Vader, Seun en Heilige Gees) werk saam in God se goedheid om jou te red. Die VADER is die Beplanner en Bron (Planner). Die Seun is Volvoerder of Vol bringer (Accomplisher). Die Heilige Gees is die Toe passer (Applier). Jy ontvang die **Volbring de Plan** deur Geloof en dan kom die Heilige Gees en **bewerk** dit in jou. Dit is wanneer jy God se goedheid hierin sien wat jou in staat stel om Hom te aanbid.

- Die Vader is die Beplanner **1 Tim 2:4**
- Die Seun is die Volvoerder of Volbringer (Accomplisher) **2 Kor. 5:21**
- Die Heilige Gees is die Toepasser (Applier) **Titus 3:5**

Wanneer jy God se goedheid in Sy redding vir jou sien reageer jy deur aanbidding. Aanbidding is (William Temple):

- om al jou wese voor Wie Hy is (Sy natuur) neer te lê.
- Om toe te laat dat Sy heiligheid jou gewete weer lewe te gee.
- Dit is om jou gedagtes te voed met Sy waarheid
- Dit is om jou verbeelding te reinig met Sy mooiheid en Goedheid
- Dit is om jou hart oop te maak vir Sy liefde
- Dit is om jou wil oor te gee vir Sy plan en doel.

# Inwaarts

God se wese wat in jou inkom, Sy natuur gaan in jou begin werk om jou te verander. Laat hom toe.

## Weet jou Wie HY se jy is

**Effesiers. 1:5**

**Hy ons voorbestem** het om ons deur Jesus Christus as sy kinders aan te neem, soos Hy dit volgens sy wil goedgedink het,

- Jou geboorte is **nie n fout nie**
- Hy het dit **verwag**
- Hy het aste waar die verwag en **beplan.**
- Elke detail van **jou liggaam**: jou hare, jou neus, jou persoonlikheid, jou talente, ou ras. God was baie intensioneel met dit.

**Psalm 139:14-17**

- Jou dae is **opgeskryf in sy boek**, wanneer jy **gebore** gaan word en waar en **HOE**, wanneer jy doodgaan.
- Alles werk saam vir die **Doel waarvoor Hy jou geskep het**.
- Hy het presies die **kombinasie van jou ouers** gebruik om die perfekte mix te maak wat jy sou wees. Hulle DNA is presies wat God nodig gehad het om jou te maak.

**While there are illegitimate parents, there are no illegitimate children. –** John Maxwell

- Daar bestaan nie so iets soos **onbeplande swangerskappe** by die Here nie. Hulle is dalk **onbeplan deur die ouers** maar **nie deur God nie.**
- Daar bestaan nie so iets soos **ongelukkies** met die Here nie. Hy gooi nie dobbelstene nie.
- Toe Hy jou gemaak het, het Hy **elke fout** van jou en ander om jou, in ag geneem, **selfs sonde** het Hy in ag geneem toe Hy jou gemaak het om sy doel vir jou lewe te bereik.
- Sy **Motief** toe hy jou gemaak het was: Liefde. Hy is n liefdevolle vader en dis hoekom Hy skep.
- Hy het **aan jou gedink** lank voordat jy gebore was. Voordat die Aarde geskep was.
- **As God nie daar was nie was ons almal ongelukkies**. Maar God is daar daarom is jy nie ’n ongeluk nie.
- En jy is **konstant is Sy gedagtes** en jy is die **fokuspunt van Sy liefde.**

# Uitwaarts

Weet dat Sy hart vir die mense is wat hom nie ken nie

## Die Kerk se Missie ons ons eie kerk se visie en missie – Die Koninkryk om ons – God het ’n begeerte vir elke mens om Gered te word

Dit is God se begeerte, dat almal in die wêreld tot die kennis van die waarheid sal kom. Elke individu wat as 'n **mens** beskou word, is ontvanklik vir die evangelie en word deur God begeer. Dit is die begeerte van die Here, dat elke mense tot inkeer sal kom (**2 Timotheüs 2:4**).